

# Die groen rok




Deur: Brigid Comrie

Illustrasies deur: Helga Hoveka



Zinzi was ontsteld.

Sy kon nie haar rok kry nie.



“Waar is dit?” het Zinzi gesê.  
Zinzi en Sam het onder die  
bed gesoek.



“Waar is dit?” het Zinzi gesê.  
Zinzi en Sam het agter die  
deur gesoek.



“Wat is daardie geluid?”  
het Sam gesê.



“Kyk, dit is Spot.  
Hy sit op my rok!” het  
Zinzi gesê.



“Hier is jou groen rok,” het  
Sam gesê.  
Zinzi was bly.



“Jammer dat ons laat is vir skool, Juffrou,” het Sam gesê.